



# **RAND AGRI PLAASLAAI PROSEDURE**

## **Werkswyse om plaaslaai te vergemaklik :**

1. Sodra daar besluit word om te begin stroop binne die leweringstydperk soos op die kontrak, moet die produsent die aankoper, asook die logistieke afdeling van Rand Agri **kontak 3 dae voor vragmotors benodig word.**
2. Laat weet asb. die logistieke afdeling t.o.v naam waarin kontrak gedoen is, padbeskrywing, GPS koördinate, selfoonnommer en hoeveel vragmotors verlang word.
3. Die produsent moet vanaf die logistieke afdeling, elke dag voor 14:00 self reël vir vragmotors vir die volgende dag.
4. Vragmotors moet asb. nie na 'n ander laaipunt of aflaaipunt gestuur word, sonder die toestemming van Rand Agri nie.
5. Indien daar nie gelaai kan word nie, laat weet asb. die logistieke afdeling onmiddellik, sodat vragmotors vroegtydig hergeskeduleer kan word.
6. Sorg asb. dat daar wel opbergfasiliteite beskikbaar is om van te laai. Indien nie, hou Rand Agri die reg voor om R10 per ton te verhaal van die kontrakprys.
7. Daar sal Rand Agri boekies met 'n unieke nommer aan die produsent verskaf word. Daar moet toegesien word dat die boekie reg ingevul word deur die produsent. Boekies sal dien as enigste verwysing, dat daar wel 'n vrag gery is deur Rand Agri, of Sub-kontraakteur.
8. Opsomming van vragte en boerderynaam volgens kontrak moet weekliks gestuur word na: admin@randagri.co.za
9. Indien die kommoditeit nie voldoen aan spesifikasies soos voorgeskryf in die Wet op Landbou Standaard 1990, sal die verkoper verantwoordelik wees vir:
  - a. Afgraderingskoste
  - b. Koste a.g.v 'n dispuut verklaar t.o.v graadverskil, sou die onafhanklike gradeerder die eerste gradering as korrek bewys.
  - c. Sif of drogingskoste.
  - d. Addisionele vervoerkoste/staantyd a.g.v afwyking.
  - e. Enige ander koste, omdat die kommoditeit nie aan kwaliteit spesifikasies voldoen nie.
  - f. Enige koste wat deur Rand Agri aangegaan word, sal verhaal word van die verkoper.
10. Daar moet 'n kontrak in plek wees, voor plaaslaai kan plaasvind.
11. Finale gewigte kan die volgende week Vrydag verkry word vanaf die Aankoop afdeling. Kontak 013-243 1166
12. Betaling geskied elke 2de Vrydag na betrokke week se lewering plaasgevind het. Vir navrae en reëlings oor betalings, kontak die Aankoop afdeling by 013-243 1166.
13. Geen betaling sal plaasvind voordat Rand Agri nie die vrag opsommings van die betrokke vragte vanaf die produsent ontvang het nie.
14. Sorg asb. dat die bak van die vragmotor wat laai, altyd skoon is van vreemde materiale.
15. Indien daar weegbrûe op die plase is waar gelaai word, moet daar aan Rand Agri 'n geldige Eik Sertifikaat verskaf kan word op aanvraag.

**16. Geen vragmotor mag gelaai word voor die registrasie nommer nie met Rand Agri Logistiek bevestig is nie.**

**17. Indien vragmotor laai sonder dat registrasie nommers aan produsent gestuur is per sms, WhatsApp of e-pos, aanvaar Rand Agri geen verantwoordelikheid vir vrag gelaai en verlies daarvan nie.**

### **KONTAK BESONDERHEDE:**

Aankopers: 013-243 1166

Logistiek: 013-243 1166

Betalings en Kontraknavrae: 013-243 1166

Produsent Naam: \_\_\_\_\_

Produsent Handtekening: \_\_\_\_\_

Published 17/1/2017

Datum: \_\_\_\_\_